Tema: Jou lewe met Christus bring geestelike groei.

Vooraf sang
Lied 255: 1,2
Lied 207: 2,3.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1,2
Votum
Seëngroet
Loflied Ps 84 – 2: 1,2,3
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet – fokus op 7 de gebod
H Kat Sondag 41
Lees Efesiërs 5: 21 – 33
Sing Sb 9 – 2: 6
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Psalm 1
Teks: Psalm 1: 1 - 3
Sing Ps 119 – 2: 22,26
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Bevestiging van kerkraadslede
Sing Ps. 134 – 2: 2
Liefdegawes
Sing Psalm 1 – 1: 1,2
Seën
Amen Sb 13 – 2.

Geliefde brs. en srs en kinders

Die Woord maak op verskillende plekke en met verskillende beelde duidelik dat daar **net twee moontlikhede is met betrekking tot 'n gelowige se geestelike lewe**. Dis soos psalm 1 se opskrif sê: daar is net twee paaie moontlik: dit is of 'n geestelike afdraende pad, 'n pad van geloofstagnasie en agteruitgang of aan die ander kant, 'n pad van geestelike groei en lewe. Dit is of geestelike dood of geestelike lewe

Sommige gelowiges dink egter daar is drie paaie. Dit is aan die een kant hierdie nou (smal weg) pad van geestelike groei en lewe en aan die ander kant die breë pad van geloofs-agteruitgang en dan is daar die **gemaklike middeweg. Op** hierdie pad hoef ek my nie in te span nie, dit is pad waarop ek glo dat ek in Christus gered is, maar ek hoef verder nie te groei in my geloof nie. Solank ek net nie op die breë pad van sonde beland nie, is ek okay. Ons lees van hierdie siening in Openbaring as die Here sê dat die gelowiges in Laodicea liewer maar koud of warm moes wees, maar hulle was lou en daarom is hulle vir Hom nie aanvaarbaar nie.

Die probleem is: daar is nie 'n rustige middeweg nie. Daarvoor sorg die aard van die sonde. Dit is soos 'n suigkrag wat jou heeltyd weg wil trek van God. Ons psalm teken hierdie suigkrag mooi in vers 1.
Kyk net hoe mooi teken hy die pad van **geestelike agteruitgang**. Volgens die 33 vertaling: die mens wat eers wandel volgens die raad van die goddelose, dan staan hy op die pad van die sondaars en dan gaan sit hy in die kring van spotters. Loop, staan, sit – hiermee teken hy die negatiewe beweging, die geestelike agteruitgang van die mens wat op die pad van sonde loop.

Die **nuwe vertaling gee weer 'n mooi beeld weergawe van groei in intensiteit met die sonde**. Eers volg die mens die raad van sondaars, dan gaan hy met sondaars om en dan span hy saam met ligsinniges. Volg, omgaan, saamspan. Eers staan jy 'n bietjie los maar mettertyd word jy deel van die span van sondaars.
Dis die suigkrag van die sonde en daarteen moet ons veg deur geestelik te groei in Christus. **Br. en sr. wie op hierdie pad is, kan nie geestelik groei nie.** Die sonde strem jou geestelike lewe, dit bind jou uiteindelik vas sodat jy nie kan beweeg nie. Jy gaan sit in die kring van die spotter, jy word deel van 'n wêreld wat jou geestelike lewe verwoes.

Daarom moet ons eers vra: **Op watter pad is ek?** En dan kom die wonderlike antwoord van ons psalm: God het ons uit liefde, sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade, in sy tuin geplant. God het ons uitgekies en ons geplant**. Anders gesê en dit is die boodskap vanmore:**
God het ons in Christus op die pad van geestelike groei geplaas.

Hoekom is dit belangrik? Want br. en sr. as ek dit glo, dan los ek alle pogings om uit eie krag te wil groei. Dan is geestelike groei nie soos baie gelowiges dink: die doen van 'n vinnige geestelike groeiprogram nie. Dan dink ek nie dit is iets wat meganies gaan gebeur as ek 'n paar reëls volg nie. **NEE: As ek besef van geestelike groei berus in God - dan kyk ek op, dan vlug ek na God om by Hom alleen my groei te vind**. Dit maak jou los van jouself, jou eie swakheid en onvolmaaktheid en **dit rig jou op God alleen.** Dit is so belangrik. Daarom sê die tuinier vanoggend – kyk na my vir jou geestelike groei. Ek het jou geplant , ek voorsien jou van groei.

Hoe voorsien God in my geestelike groei? Deur die stroom waarby Hy ons geplant het. **Die stroom is die lewende water en dit is Christus.** Geliefde br. en sr. en kinders –

ons kan alleen groei as ons wortels in Christus geanker is. Hy is die lewende water wat ons voed. **Dit is Hy wat ons van die pad van die sonde losgekoop het, dat is Hy wat vir ons sondeskuld betaal het.** In Hom word jy vry van die sonde wat jou wil vasbind sodat jy nie by God kan uitkom nie. Erken daarom jou sonde, bely dit voor God en vind vergifnis. Op grond van God se vergifnis kom bekering en groei. **En hierdie geloofsgroei kom deur styf aan Christus vas te hou in al my worstelinge.**

Laat jou geloofswortels diep ingroei in die stroom Jesus Christus. Hy gee jou die lewe en groeikrag. **Hy gee aan jou die lewendmakende Heilige Gees wat jou laat groei.**

Fokus dus op Christus om geestelik te groei. Wanneer jy die Bybel lees, vra dan terwyl jy lees: hoe bring hierdie dinge my by Christus? Watter beloftes gee Hy my waaraan ek kan vashou? Maar ook: wat vra Hy van my in hierdie gedeelte? Wat moet ek vir Hom doen? Deur ons omgang met God in sy Woord kry ons geestelike krag om te kan groei. Om weerstand te bied teen die suigkrag van die sonde en die pad van geestelike groei in Christus te kan loop.

Wanneer jy bid: onthou: dat Christus gesê het: ” Alles wat julle die Vader in my naam vra sal Hy julle gee”. As jy worstel met jou sonde, as jy voel hoe hulle jou in hulle kring wil intrek – vind deur Hom vergifnis en kry die krag om te stry en te groei.

As jy jou wortels so in Hom laat insink, dan sal jy waarlik vrugte dra en sal jy in die geloof kan volhard. Psalm 1 gee vir ons 4 vrugte of kenmerke van iemand wat in Christus geestelik groei. Kom ons kyk daarna om te sien hoe vas is ons aan Christus in die geloof? Of ons ook hierdie vrugte of eienskappe in ons geloofslewe kan sien?

1. Die eerste vrug word gemeet in die vraag of u verhouding met die Here nog vir u vreugde inhou. Is dit vir ‘n mens ‘n las of ‘n lus om met die Here besig te wees? Die kernwoorde is hier: besig wees. ‘n Verhouding br. en sr. bestaan nie net daarin dat twee mense mekaar ken nie. ‘n Verhouding groei alleen as twee mense tyd met mekaar deurbring. **As hulle saamwees vir hulle vreugde gee**. Daar is soveel gelowiges wat net tevrede is met die gedagte: ek is mos ‘n gelowige, ek ken die Here en ek glo in Hom. En dit is genoeg.

Nee, vir die Here is dit nie genoeg nie. So ‘n gesindheid openbaar juis geestelike louheid en dit is die begin van die afdraande pad van die sonde. Om met God te wees beteken nie maar net dat ek weet Hy is daar en ek leef in ‘n veraf verhouding met Hom nie. Nee.
So ‘n negatiewe houding word gekenmerk deur **die wyse waarop so ‘n gelowige sy/haar gemeenskap met God beoefen**. Omgang met die Woord en met gebed word ‘n lae prioriteit. Erediens bring aan God op Sondae word ‘n plig en nie ‘n vreugde nie. Dit wat God vra word eise en nie voorregte nie. So ‘n gelowige leef baie selfgerig en wil net sy/haar eie behoeftes bevredig. God word net “gebruik” as jy Hom nodig kry. In nood word gebid en gepleit – maar andersins nie.

Daarom sê vers 2, **ware geestelike geluk, geestelike groei is wanneer die gelowige se verhouding vir hom vreugde inhou**. Om by God te wees, is heerlike vreugde. Jy leef vir jou tye van intense gemeenskap met God. Jy soek sy Woord op, jy leef daarvan en daaruit en om die Here te dien is vreugde.

2. Die tweede vrug van ons groei in Christus sien ons ook in vers 2 en dit gaan om die tyd wat ons met God spandeer – dag en nag. Dit gaan om die tyd wat ons spandeer om God se Woord te oordink, te bepeins neem tyd en besinning. **Daar is juis 'n mooi teenstelling tussen vers 1 en 2.** Die geestelike lou gelowige begin naderhand baie tyd spandeer met die sonde – onthou u? Van loop, na staan, na sit – tyd deurbring met die sonde. Daarteenoor die gelowige wat geestelik groei bring tyd deur met God.

Wanneer is 'n mens bereid om baie op te offer vir 'n saak? Wanneer jy dit geniet – wanneer dit vir jou vreugde verskaf. So ook die gelowige wat tyd maak vir God. Hoe meer tyd jy met God deurbring, hoe groter jou vreugde en hoe meer maak jy dit vir jouself prioriteit. Veral as jy besef dat jou hele lewe in God se hand is. Dat jy niks is as God jou nie daartoe lei of die krag daarvoor gee nie.
Hoeveel tyd maak ons vir God in ons lewe?.

3. Die derde vrug of eienskap van geloofsgroei vind ons in vers 3. Hoeveel geloofsvrugte dra ek? Is 'n vrugbare boom in die tuin van God? Vrugte hier dan in die sin van my diensbaarheid aan God en my naaste. Dat God my in sy wingerd geplant het om hier op aarde met hele lewe in die eerste plek aan Hom te wy en my naaste tot voordeel te wees. Toets dus die stand van u geestelike lewe aan dit wat u vir God en u naaste doen. Die diens, die opoffering wat u maak vir God en u naaste. Hoe het ek lief en hoe bewys ek my liefde, is die vraag wat 'n mens hier help.

4. Die vierde vrug van ons geestelike groei in Christus vind ons ook in vers 3. **Dit lê in die standhoudendheid van die boom se blare en vrugte.** Brs. En srs, dit dui op ons **geloofsvolharding.** Geloofsgroei kom ook deur geloofsvolharding. Om in tye van wanhoop, teëspoed, mislukking en terugslae steeds ons vertroue op God te stel en steeds geloofsvrugte te dra. Daar is soveel voorspoedschristene in die wêreld. Solank alles goed gaan dan is die boom vol blare – dan lyk dit na geestelike lewe en groei, maar sodra iets verkeerd gaan, dan val die blare gou af en lyk die boom verdor.

In geloofsvolharding gaan dit ook om die vraag: **hoe bied ek weerstand teen die sonde?** Kan ek werklik nee sê vir versoekinge en met gehoorsaamheid wegvlug van die sonde? Toets jou geloofsgroei ook hieraan.

Geliefdes, deur die genade van God kan ons dus in Christus groei en sien ons ook die vrug van ons groei in hierdie sake..

Hoe gebeur dit? Dit is nie 'n towerformule of iets meganies nie. Dit is nie so dat wanneer jy lees of bid of kerk toe kom dat hierdie dinge outomaties met jou gebeur nie. Nee. Dit is 'n proses**. Dit gebeur in 'n verhouding waarin jy hard moet werk om aan Christus vas te hou en in Hom en deur Hom te groei. Die** Heilige Gees gee ons geloofsvreugde, Hy help ons om tyd vir God te maak, HY gee aan ons vrugte, Hy laat ons aan die uitverkiesende genade van God glo en Hy lei ons worstels om in Christus ons geloofskrag te vind.

ONTHOU geliefde gemeente: dit gaan nie in geestelike groei daaroor dat ek in hierdie lewe volmaaktheid bereik nie. As ons dit glo sal ons by voorbaat moedeloos raak. Geloofsgroei is 'n proses wat ons deurleef tot met ons dood en solank ons met hierdie proses besig is, sal God ook die vrugte gee. Dit is die teekrag teen die suigkrag van die sonde!
Die kategismus sê dit so mooi. Nadat die 10 Gebooie behandel is, vra vraag 114: "Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volkome gehoorsaam?" En die antwoord:

“Nee, want self die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar ‘n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid – MAAR tog so dat hulle met ‘**n ernstige voorneme begin** om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe. **Geloofsgroei is die ernstige voorneme waarmee ek begin van hierdie pad!**

Drink daarom van die lewende water, Jesus Christus , glo en vertrou in sy genade en die werk wat Hy deur sy Gees in ons doen. Doen wat God vra en jy sal ongelooflike geestelike groei en krag ontvang. Jy kan dan die suigkrag van die sonde weerstaan en groei in geloof wat altyd sal standhou en vrugte dra tot eer van die Here.

Amen.